

Woensdag 16 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:22-24

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:24

Wedergeboorte: Deur God se genade word die beeld van God in jou herstel

Wie jy is, bepaal wat jy doen en waarna jy strew. As jy nie verstaan wie jy as kind van God is nie, sal jy spartel om deur dade en uiterlike dinge te probeer om iemand te wees.

God het jou nie net uniek, spesifiek en besonders aanmekeer geweef om as mens gebore te word nie (Ps. 139:13-16), Hy het egter ook deur die kragtige werking van die Heilige Gees jou in Christus “weergebore” laat word sodat jy nie dood is in jou sonde nie, maar lewend kan wees vir God. Daarom kan jy, deurdat jy Christus in die geloof omhels, leef vanuit die herstelde beeld van God in jou.

Efesiërs 4 begin met die opdrag dat ons lewenswandel in ooreenstemming moet wees met die roeping (vanuit identiteit) wat ons van God ontvang het (identiteit en roeping word beskryf in die eerste drie hoofstukke van Efesiërs).

Jy weet hierdie nuwe identiteit is ook vir jou waar, wanneer jy Jesus se verlossingswerk in die geloof omhels (Ef. 2:8). Dan is jy nie meer die ou, natuurlike, sondige mens soos wat alle mense ná die sondeval gebore word nie. Jy is nuut, oorwinnaar, kind van God, vrygespreek!!

Juis daarom moet jy dan nuut leef, heilig leef, alle “ou mens”-dinge doodmaak in jou lewe ... want dit is wat ’n wedergebore kind van God doen.

Jy het nie maar ’n paar goedjies om te doen en ’n paar sondetjies om af te lê nie. Jy het ’n nuwe Christen-identiteit om te leef – wat jou hele wese en jou hele lewe omvat. In alles gaan dit nou oor die eer van God aan Wie jy behoort.

Kan mense rondom jou die herstelde beeld van God in jou lewe sien?
Sing: Psalm 118-1:1, 7

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)